

27 November
Prediker 11:1-6

Hoe die Here wil hê dat ons moet leef! (2)

Die Here waarsku ook duidelik dat ons nie roekeloos moet wees nie; met ander woorde om die lewe nie maar sommer as 'n dobbelspel te beskou nie. Nee, Hy sê ons moet nugter wees en sorg dat ons voorbereid is wanneer die tye van teëspoed kom. Hoor die pragtige woorde in Prediker 11:2: "Hou jou besittings op sewe, selfs ag plekke, want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie." Dis dus nodig dat jy verstandig en denkend moet optree. Daarmee was nog nooit en sal ook nooit iets verkeerd wees nie. In die vierde vers word 'n duidelike riglyn oor besluiteloosheid gegee: "Wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie." As ons as gelowiges dink ons kan maar dae en weke omsit en luier – met ander woorde, sonder om te besluit om iets te doen - het ons dit erg verkeerd. Die Here dui baie duidelik aan dat ons nie moet sit en wag vir die sogenaamde regte geleenthede nie. Nee, dan sal ons nooit aan die werk kom nie. Die Here eis ook van ons dat ons in die geloof dinge aanpak en dinge moet doen.

Nog 'n duidelike riglyn vind ons in die derde vers van hierdie hoofstuk: "As die wolke vol water is, reën hulle leeg op die aarde; of 'n boom nou suid of noord val, dit bly lê waar dit geval het." Hiermee sê die Here duidelik aan ons dat daar dinge is wat ek en jy nie kan verander nie en wat ons ook nie altyd kan verstaan nie. Aanvaar jy maar net gelowig dat God alles laat gebeur soos Hy wil – ook in jou lewe. Sekere dinge sal op jou lewenspad kom, maar moenie dat dit jou laat ontspoor nie.

Weet dat ons in die Here Jesus Christus ons Verlosser alles gelowig uit die hand van God kan en moet aanvaar en die beste van ons lewe maak, solank as wat ons lewenstyd op hierdie aarde gegun word.

Sing: Psalm 20:3,4 Ds D Laufs (Alberton-Wes)